Hoe om ’n blikbeker en blikbord te versier

Hierdie is ’n lekker aktiwiteit vir PD’s. Doen hierdie aktiwiteit as deel van Handwerk, Handvaardigheid of Beeldende kunste. Dit kan ook gebruik word om spanidentiteit te bou.

? Stappe

1. Benodigdhede: Blikbeker, blikbord, emaljeverf (verskillende kleure), kwassie en/of tandestokkie en/of sponsie.
2. Gebruik die gekose medium en versier die blikbeker en blikbord kunstig.
   Voorbeelde:
   Plak kleeflint of maskeerband om die beker. Verf ’n randpatroon onder of bo die kleeflint. Laat baie goed droog word voordat die kleeflint verwyder word.
   Kinders kan ook hulle name op die bekers skryf.
3. Sodra al die verf droog is, word dit gebak vir 20 minute teen 100^0C in ’n gewone kombuisstoof se oond.

☺ Wenke

1. Vee die blikbeker en /of blikbord met ’n paraffienlappie af voor daar geverf word.
2. Foute kan reggestel word deur die verf af te vryf en oor te doen.

☠ Waarskuwings

1. Kinders moet beplan voordat hullle begin verf.